

2016-02-14	<p>Teks: Johannes 12:21</p> <p>Belydenis: Sondag 35 (die Tweede Gebod)</p> <p>Tema:</p> <p style="text-align: center;"><i>Ons wil Jesus graag sien – die oë van die geloof is die sintuig van die siel</i></p> <p>Liedere:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Psalm 115:1, 4, 5 (Cloete) • Lied 163:1 • Psalm 43:2, 4, 5 (Du Toit) • Sb 1-2:1-3
------------	---

Middelaarskap * In die afgelope week in ons huisgodsdiensriglyn was

ons by ons gesinne soos die verspieders wat die tweede gebod begin verken het:

* Ons het iets van die erns en wonder van die tweede gebod raakgesien in die verklaring daarvan op dag 2 se riglyn.

> Nou, miskien het jy gedink dat jy die tweede gebod onderhou deur geen beeld van die Vader, Seun of Gees in jou godsdiensoefening te gebruik nie,

* En dat ons as kerk dit doen omdat ons geen beelde in ons kerkgebou het nie.

> En terwyl dit reg is dat dit die geval is, is hierdie maar nog 'n oppervlakkige nakoming van die tweede gebod,

- >>> > Want God verlang dat ons Hom in die geloof moet aangryp – dat ons Hom met ons *geestesoë moet raaksien* en in verwondering vir wie Hy is en wat Hy doen, Hom moet aanbid.
- > Juis daarom het God ook die sakramente gegee, wat heilige sigbare tekens en seëls is wat God ingestel het,
- * By die **nagmaal** sien ons Jesus se gebreekte liggaam en sy gestorte bloed in die brood en die wyn,
 - * En by die **doop** sien ons Jesus se bloed wat ons van al ons sondes was in die water wat uitgegiet word.
- > en ons eien dit vir onself toe,
- > Daarom het ons ook op die derde dag na Paulus se gebed vir die Efesiërs gekyk waar hy juis bid dat die gemeente se *geestesoë verhelder sal word* om die wonder van die onsienlike God in te kan sien, te begryp en te ervaar.
- > In vandag se prediking behandel ons die geskiedenis van sekere griekse wat na die Filippus die dissipel toe gekom het met dié versoek: “*Meneer, ons wil Jesus graag ontmoet*”, of soos die Ou vertaling dit stel:

“Meneer, ons wil Jesus graag sien.”

- > Ons beskou daarom eerstens wie die versoek gemaak het en wat hul omstandighede was;
- > en Tweedens die antwoord wat ontvang is.

Meneer, ons wil Jesus sien.

*Paasfees aan einde
van Jesus bediening*

Johannes sê vir ons dat daar tussen al die mense wat opgekom het na die fees, ‘n aantal Grieke was.

- > *Nou wie is hierdie mense?*
- * En as ons dink aan die geskiedenis wat in Handeling 17 vir ons vertel word, vanuit veral Paulus se omgang met die Grieke,
- > dan weet ons in besonder twee dinge van die Grieke:
 - >>> * **Eerstens:** hulle het ‘n *panteon* van gode aanbid – vir Zeus en Poseidon en Hera ens.
 - Gode wat in der waarheid meer soos wispilturige en wellustige tieners opgetree het,
 - as edele eerbare gode wat die beste van die mensdom verwag.

- * So 'n godsdiens het natuurlik tot morele verval en onsekerheid oor jou plek in die heelal gelei.
- > Want hul godsdiens met gode wat niks anders as mense optree is nie bevredigend nie.

>>> > En vanuit hierdie frustrerende plek weet ons die **tweede ding** van die Grieke – hulle het hulself tot die Filosofie gewend om sin aan hul bestaan te gee.

- * Die groot vrae oor die lewe is oor bepeins en oor nagedink.

- * Ons kan dink aan name soos Sokrates, Aristoteles en Plato.

soos dit maar
vandag ook met
Filosowe gaan

- > Elk met 'n eie teorie oor die werklikheid, elk met 'n ander metode en elk met ander antwoorde.

- > Maar ook hierdie antwoorde het nie bevredig nie, want die mens is 'n begrensde wese,

Die mens het
openbaring van sy
Skepper nodig om
hierdie vrae
bevredigend te
beantwoord

- * en daarom is sy denke ook beperk,
- * en daarom kan die mens nie 'n filosofiese stelsel wat *sy bestaan bevredigend verklaar* uitdink nie.

- > **So dit is dan iets** van hierdie Grieke in Johannes 12 se agtergrond...

- > Hulle kom uit 'n beskawing wat van die grootste tempels tot die wilspilturigste gode gebou het,
- > en terselfdetyd 'n beskawing wat van die grootste filosowe opgelewer het wat geen bevredigende antwoord op die mens se bestaan kon gee nie.

>>>> > Hulle was dus, soekend. Soekend na die ware God, en sy ware openbaring.

* En so het hulle al soekend na Jerusalem gekom om in die tempel van die Jode met die Paastyd te aanbid.

* Dit sê vir ons dat hulle iets van die Joodse geloof geken en verstaan het:

>>>> > 'n Geloof wat omdat dit in 'n heilige, onveranderlike, verbondshoudende God aanbid,

* vir die mens wat dit aanhang – 'n heiligheid en konstantheid in sy lewe laat nastreef –

* iets wat mensgemaakte gode nie kan doen nie

>>>> > En omdat hierdie godsdiens die ware godsdiens is, en omdat dit die werklikheid van die skepping, die sondeval en God se weg met die mens en doel met

sy lewe beskryf –

> gee hierdie godsdiens ook die antwoorde op die groot vrae van die lewe waarna die filosowe so smag...

* Christenskap is daarom verhewe bo al die sogenaamde godsdienste en filosofiese stelsels omdat God bestaan, sy Woord waar en kenbaar is, en Hy in verhouding met die mens leef.

* Maar hierdie Grieke het 'n probleem gehad,
- want die tempel, die plek waar die mens God kan ontmoet was nie oop vir hulle nie...

>>> > Hulle het gekom om die ware God te aanbid,
* maar die voorhof van sy tempel is bewaak deur skeinheilige Jode wat nie toegelaat het dat mense van heidense herkoms dit mag betree nie.
>> > Hulle besluit daarom – kom ons gaan na Jesus toe.

* Wat natuurlik nie 'n slegte idee was nie..., Want hulle het

> Ongetwyfeld het gehoop dat Jesus wat in daardie

- * selfde week as 'n triomflike koning Jerusalem ingegaan het, deur die skares verwelkom is,
- > en die smouse uit die tempel met 'n sweep uitgeboender het,
- >>> > en in dié proses die profete aangehaal en verklaar het:
 - “My huis sal 'n huis van gebed vir **al die nasies** wees, maar julle het dit 'n rowersnes gemaak”*
- * Dat hierdie Jesus met dieselfde gesag wat Hy die smouse weggejaag het,
- * vir hulle die tempel in sou belgelei
- * sodat hulle 'n offer kon bring om met God versoen te word.
- >>> > getrou aan sy woord dat die tempel vir *al die nasies*, insluitend griekes, bedoel is...
 - * So gaan hul vraag om Jesus te sien, ten diepste oor die vraag na hul *verlossing*:
 - * Om nie net van die ware God te weet nie, maar om sy weldade te sien en persoonlik aan te gryp –
 - * dit wat die offerdiens verteenwoordig het.

Hierdie Grieke glo al in Jesus, maar hulle weet dit net nog nie!

Maar hulle besef nog nie dat die Een tot wie hulle hierdie versoek rig **die Verlosser** is nie.

* En daarom moet ons baie mooi let op Jesus se antwoord,

> want sy antwoord dui nie net vir die Grieke aan hoe die mens waarlik vir God kan ontmoet nie, maar ook hoe ek en jy vandag vir Jesus moet sien...

wat ons wel op moet let, is dat hierdie Grieke nie vir Jesus te sienekry nie, hulle hoor net sy antwoord. So kom ons luister ook na Jesus se antwoord.

> Jesus antwoord die vraag en Hy sê:

“Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.”

>>> > Tot dusver in Jesus se bediening het Hy gesê: *“die tyd het nog nie aangebreek nie, maar Hy sê dis nou tyd.”*

* Dis nou tyd dat Hy verheerlik moet word.

* Dis nou tyd dat die rede vir sy koms tot uitvoering moet gaan.

soos ‘n koringkorrel wees wat sterf maar ‘n oes inbring

> En Hy beskryf hoe hy gaan sterf –

* Hy gaan van die aarde af verhoog word – dit is:

* Hy gaan gekruisig word.

- > Hy sê Hy gaan 'n aaklige en vervloekte dood sterf.

- > En die mense rondom Hom vra en ons sien die vraag in 12:34: *“Hoe kan dit wees, ons lees in die wet, die Christus gaan vir ewig bly en hoe kan dit wees dat U sê dat hy verhoog gaan word – dat hy gekruisig gaan word?*

selfs in die week
voor die krusiging

- * Sien,
 - > Jesus se eie dissipels het nog steeds die verkeerde messias verwagting gehad.
 - * Hulle het 'n aardse koninkryk, 'n aardse heerlikheid verwag –
 - * dat Jesus Homself op 'n aardse troon sou neersit.
 - * Met die dissipels aan linker en regterkant om die nasies te oordeel.

- > *Hoe anders sou Jesus dan die gesag kon gehad het om heidene, grieke, na die binnekant van die tempel na God se teenwoordigheid te kan vat?*

- > Maar Jesus sien iets anders, Hy sê:
As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie,

*bly hy net een; maar as Hy sterwe,
bring hy 'n groot oes in.*

En die oes is besig om in te kom, want selfs Grieke kom nou met die versoek: "Ons wil Jesus sien."

en deur Jesus aan
die kruis aangehaal
word

> Psalm 22 wat se eerste gedeelte vir ons soveel sê oor ons Here se lyding, vertel ons ook in die tweede gedeelte wat die *uiteinde van sy lyding* sal wees. Van verse 28 af staan daar:

*Mense oor die hele wêreld sal die Here erken
en hulle tot Hom bekeer.*

*Alle volke sal Hom as koning erken,
want die koninkap behoort aan die Here;*

Hy heers oor die volke...

*alle mense, sterflik en verganklik
sal voor Hom kniel...*

en van hierdie verlossingsdaad getuig:

'Die Here het dit gedoen.'

> So op hierdie oomblik wat die Grieke se versoek tot Hom gekom het moes ons Here se hart vol vreugde oor hiérdie vooruitsig gewees het.

> Van hoe *alle volke*, deur Hom tot God gered word,
*van wie hierdie Grieke, wat na Hom soek om
toegang tot God te kry, maar net die begin is.*

>>>> > Maar ons sien ook iets anders in Jesus se antwoord
raak:

* ons sien dat Hy besig is om hierdie Grieke, en sy
dissipels voor te berei op die feit dat Hy sy lewe gaan
gee as 'n offer vir sonde.

* *So as jy My wil sien, sê Jesus, moet jy na my dood kyk*

- Kyk na my lyding. Kyk na my kruisiging

- Dan sal julle begin om iets te verstaan van my groot
offer wat Ek deur my dood bewerkstellig.

> Van die deur wat na die Vader geopen word,

> Dat die nasies ook besig is om nader getrek te word,
om deel van die Vader se kudde te word.

> Wat sê Jesus gaan gebeur wanneer Hy verhoog, dws
gekruisig word?

- *Alle mense sal na Hom getrek word.*

alle volke tale
nasies

_____ -

> Maar soos wat Jesus hieride wonderlike uiteinde van sy verlossingsdaad bekend maak, is dit asof die realiteit van wat vir Hom voorlê sy siel tref.

* En Hy sê:

Nou is ek diep ontsteld.

En wat moet Ek sê?

Moet Ek sê: Vader red my uit hierdie uur?

Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur.

Vader, verheerlik U Naam!

* So sien ons in antwoord op die griekse se versoek om Jesus te sien, dat Jesus onversetlik die weg van die kruis gaan bewandel.

En daarom
antwoord sy Vader
uit die hemel: *“Ek
het my Naam
verheerlik en Ek sal
dit weer
verheerlik.”*

> Hy sal gaan. Hy sal gaan om gekruisig te word.
Hy sal ly en Hy sal sterf.

“Maar juis hiervoor het ek gekom, vir hierdie uur.”

Want God die
Vader word
verherlik in die
verlossing van
sondaars!

≥ Want die groot liefde waarmee Hy sondaars lief het,
sal in daardie uur duidelik te siene wees,

> en die nog groter liefde waarmee Hy vir sy Vader lief
is, sal blyk aan sy gehoorsaamheid om sy Vader se
wil te doen.

Die Grieke vra die vraag: “*Ons wil Jesus sien.*”

En die antwoord wat hulle by Jesus kry is:

- > *Julle sal my sien.*
- > *Maar julle sal my sien waar ek aan die kruis verhoog word. En daardeur sal ek julle harte en die harte van die nasies en die harte van sondaar mense na My toe trek.*

En so sal de Vader
verheerlik word

> Jesus, in antwoord op *jou* vraag, om Hom te sien, se antwoord is vandag presies dieselfde as daardie dag aan die Grieke:

- > Ons moet na Hom kyk, daar aan die kruis.
- > Daar waar hy gely het, en gesterf het, maar ook weer opgestaan het uit die dood!

- * En elkeen wat na Hom kyk.
- * Elkeen wat na Hom toe kom, sal Hy geensins uitwerp nie.
- * En dit is waarheen ons Here ons aandag trek – na sy kruisiging.

- >>> > En ons moet die wonder van die dag van die kruisiging beseef:
- * Want op daardie dag van die kruisiging het Jesus die mag van die sonde en die dood vernietig.
 - * Sodat geen dood of lewe, of magte of kragte, of enigeiets ons van die liefde van God kan skei nie.
 - * En Hy het in die graf ingegaan – nie as straf vir die sonde nie, maar om dit te heilig deur uit die dood op te staan!

-
- > Jesus roep na ons vandag om ons oë op Hom te fokus.
- * En soos wat ons ons geestesoë op die kruis rig,
 - daar sien ons Lam van God in al sy heerlikheid, in sy geskiktheid, in sy kosbaarheid,
 - > en ons sien hoe sy bloed vir sondaars vloei..
 - * En deur sy bloed, deur sy dood, sou hierdie Grieke, en al die nasies ingebring word na die vadershuis toe.
- > Hoe stel Hebreërs 10:19-22 dit?

Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus

*vrye toegang tot die heiligdom,
en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei.
Hierdie weg het Hy vir ons gebaan
deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.
En terwyl ons Hom ook as groot priester
oor die huis van God het, laat ons tot God nader
met 'n opregte hart n met volle geloofsekerheid.
Ons harte is immers gereining
van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas
met skoon water.*

- * Nou,
- > ons lees nêrens dat hierdie griekse Jesus van aangesig tot aangesig ontmoet het nie.
- > Maar ons lees ook nêrens dat hulle hieroor ontsteld was nie.
- want Jesus se antwoord het *geopenbaar* dat hulle tot dusver te min van Hom gedink het –
- * hulle het net gedink dat Hy die weg na die Vader kan aanwys.
- >>> > Maar sy antwoord het hulle geleer dat *Hy die weg en die waarheid en die lewe is – dat niemand na die*

Vader toe kom behalwe deur Hom nie.

> En dat daardie weg deur die kruisiging heen is.

* En so weet ons ook dat Jesus, ter wille van die vreugde wat vir Hom in vooruitsig was – naamlik om in alle ewigheid aan die regterhand van die Vader te sit, die skande van die kruis verduur het.

> En so moes hulle na die kruis kyk – om Jesus te sien.

- Na die dorings wat in sy kopvel ingestek het.

- Na sy arms en voete wat vasgespyker was.

- Na sy borskas wat nie asem kon trek nie.

- Na die bloed wat van Hom afloop en die vlieë wat om Hom soem.

> O, daardie Grieke wou sekerlik sy stem gehoor het,

* of 'n wonderwerk gesien het,

>>>> > **maar hulle moes na die kruis kyk.**

> En jy, wil jy Jesus sien? Wil Jy Hom sien waar Hy opgewek in glorie sit en voorbidding vir die gelowiges doen?

* Jy sal.

> Maar dan moet jy eers na die kruis kyk.

> Waar sy liggaam gebreek en sy bloed vergiet is.

* en jy moet in ootmoet sê.

* Maar dit is vir my. Vir my sonde, vir my
ongeregtigheid wat sy heilige bloed vergiet is.

* Dit is vergiet om my te verlos – om my na die Vader
toe te bring!

> En as jy dit in ootmoet kan sê, dan moet jy dit ook in
blydschap en vreugde kan sê:

* Maar dit is vir my! Vir my sonde, vir my
ongeregtigheid wat sy heilige bloed vergiet is!

* Dit is vergiet om my te verlos – om my na die Vader
toe te bring!

> *Om vir my, om vir jou wat eens geen kind was nie, en*

* *geen toegang gehad het nie;*

> *Die Vader se kind te maak*

* *en jou vrye toegang te gee!*

O mag ons altyd ons Here so raaksien! AMEN

